8 APRIL 2018

09:00 Erediens
Eric Scholtz

18:00 Aanddiens
Fay van Eeden

Kom hou saam aanddiens rondom tafels in ***Koinonia***



15 APRIL 2018

09:00 Paassangdiens
Pallisander o.l.v. Sarita Haupfleisch

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

Geen Kleuterkerk a.g.v. Paastee

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Immanuel van Tonder

19:00 Belydenisklas
Die Bybel: Rol, interpretasie en geskiedenis Kleingroepe

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Paassangdiens - 15 April 2018:

Kom luister volgende Sondagoggend na *Pallisander* kamerkoor o.l.v. Sarita Haupfleisch, wat gaan optree tydens die Paassangdiens.
Die Paasgebeure het oor die eeue 'n groot invloed gehad op komponiste wat in hul musiek iets wou vasvang van hulle eie ervarings van die Paasgebeure. Ons gaan luister hoe komponiste van Rusland tot Afrika uiting gee aan die gebeure op Golgota.

Paastee

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Paastee volgende Sondag na die oggenddiens in Koinonia. Al die dames van die gemeente sal gedurende die week 'n sms ontvang vir eetgoed vir die Paastee. U meelewing word opreg waardeer.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Skole open.** **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Helpliftvergadering** 18:30 (Kapel). **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder oor *'n Reis deur die Josef-verhaal.*
Woensdag:	**Gasvryheidsbediening** vergader 17:00 (A21). **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.p

Bybelstudiereeks: Halwe waarhede in die Christendom (Adam Hilton)

Almal word hartlik uitgenooi na 'n Bybelstudiereeks om 08:30 by die kerk:

17 April: Alles gebeur vir 'n rede (Koinonia).
24 April: God help die wat hulleself help (Koinonia).
8 Mei: God gee ons nooit meer as wat ons kan hanteer nie (A21).
22 Mei: God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is (A21).
29 Mei: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

NUWE GENERASIE
ONS DOEN LEWE SAAM

tweede kwartaal datums

21 April	JV & Studente Social
6 Mei	Uitreik @ YaBana
18 Mei	Bounce (Gr 7-11)
13 Junie	Sop & Sjerrie (JV & Studente)

Kontak van die week: Die gat in die dood

Op 24 Oktober 1963 is 129 mynwerkers in ’n myn in Satzgitter, Duitsland vasgekeer nadat die wal van ’n sedimentasiedam gebreek en 500 000 m^3 modderwater in die myn afgestort het. Op 7 November 1963 het miljoene mense gekyk na ’n regstreekse televisie-uitsending van die redding van die laaste elf mense uit die mynskag. Dit was nadat die hoop al laat vaar is dat daar nog mense lewend gevind sou word. Eers is ’n gat geboor tot in die ruimte waar die vasgekeerdes dalk kon wees. Kommunikasietoerusting is in die gat laat sak. "Is julle daar? Hoor julle ons?" is gevra. Die wêreld het in groot spanning gewag om te hoor of en wie nog lewend daar onder was… Die name van elf oorlewendes is afgelees! Die reddingsoperasie is die *Wunder von Lengede*, die wonderwerk van Lengede, genoem. Die myn se naam was Lengede-Broistedt.

Hierdie gebeure het stof gebied vir teoloë om oor te reflekteer. Toe die name van die gereddes afgelees word, was dit vir die Nederlandse dominee, Okke Jager, asof hy die dominee in die kerk die name van die dopelinge hoor aflees. Dit het hom herinner aan Paulus se woorde in Titus 3:5 waar laasgenoemde die doop die "bad van die wedergeboorte" (1953-vertaling) noem.

Hierdie gebeurtenis het ’n ander Nederlandse predikant, Jan Overduin, aan God se groot reddingsdaad laat dink. In Jesus se lewe, lyding en opstanding het God ingeboor tot waar ons vasgeval was in sonde en die dood. Ons is nog nie bo nie, maar Jesus se opsatnding uit die dood is die opening waardeur ons intussen kan asemhaal. Deur hierdie opening sien ons reeds die helder blou lug van God se nuwe wêreld. Die einde van die dood en alle doodloopstrate is in sig. Dit skep hoop en verwagting! In 1Peterus 1:3 skryf Petrus soos volg hieroor: "In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons ’n lewende hoop…"

Wanneer die evangelie verkondig word, is dit vir Jan Overduin asof God oor hierdie gat buk wat Hy deur Jesus dwarsdeur die dood geboor het en roep Hy elkeen van ons by die naam: "Is jy daar? Hoor jy my?" Al wat ons moet doen is om terug te roep: "Ja, Here, hier wil ek uit!"

Groete

Eric Scholtz
(Namens die predikantespan)

Het Jy Geweet?

ons is op Facebook!

Lynnwood Gemeente
Jeug NG Lynnwood
Nuwe Generasie (NG Lynnwood)
Musiek at Lynnwood Gemeente

Kom ons en gesels saam!

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

PEN *Besigheidsontbyt* op 10 Mei om 07:00 by Ooskerk. Sprekers: Gewaardeerde en Sosiale Entrepeneur, Francois van Niekerk en Dr. Marinda van Niekerk (Hoof Uitvoerendebeampte, Pen). Tema: *Besigheid met 'n doel.* Besprekings: Elaine 012 323 6688 of e-pos info@pen.org.za.

2 Kamers te huur in Lynnwood: Sekuriteits-area : Studente- / jongwerkendes. Vir meer inligting kontak Alex Grobler 083 584 3783 of e-pos alexgrobler44@gmail.com.

Tuinwoonstel te huur in Lynnwood Glen: Volledig gemeubileer en toegerus. Water en elektrisiteit en Wi-fi ingesluit. Word een keer per week skoongemaak. Wasgoed – drie keer per week. Kontak Thea by 083 780 4156.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.